417.3 (26) 5

# Vryheidsfront van Stellenbosch

## Persverklaring: 21 November 1994

Dit is met teleurstelling wat die Vryheidsfront van Stellenbosch besluit het om nie die "Ooreenkoms met betrekking tot die Groter Stellenbosch Forumgebied" te onderteken nie. Die belangrikste beletsel op die VF se steun vir hierdie belangrike dokument, is die samestelling van die Stellenbosch Plaaslike Oorgangsraad. Daarin word geen voorsiening gemaak vir verteenwoordiging van die VF of die ACDP nie, terwyl die Stadsraad van Stellenbosch en die ANC elk vyf, en selfs die PAC twee verteenwoordigers het.

Die VF misgun geen party sy deelname nie, maar wys daarop dat ons in die Algemene Verkiesing in April, omtrent vyf maal soveel stemme as die PAC gekry het, in die Stellenbosse stemdistrik. Dit maak van die VF die politieke party met die vierde meeste steun in die Forumgebied.

Die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, maak voorsiening vir verdeling van die partye wat aan onderhandelingsforums deelneem, in twee komponente (statutêr en nie-statutêr) wat prakties elk helfte van die lede van die Oorgangsraad benoem. Die Wet omskryf die statutêre komponent as "bestaande uit lede van die bestaande plaaslike owerheidsliggame en persone wat liggame of organisasies verteenwoordig wat deur die forum goedgekeur is as synde deel van sodanige komponent." Klaarblyklik voldoen die VF nie aan hierdie definisie nie, maar daar was partye op die Forum wat ons nie aan die ander kant wou hê nie. Die dispuut hieroor is na die Premier verwys. Die Provinsiale Komitee het teen ons aansoek beslis, en die VF ingedeel as deel van die statutêre komponent.

Daar is geen poging deur die sogenaamde "statutêre koukus" van die Forum aangewend om die kleiner partye te akkomodeer nie. Die setelverdeling getuig daarvan: Stellenbosch Stadsraad: 5, Cloetesville/Idasvallei Bestuurskomitee: 4, Kaya Mandi Dorpsraad: 2 en Bestuurskomitees van die satellietdorpe: 4. Die ander twee politieke partye aan die statutêre kant (NP en DP) is klaarblyklik tevrede om op hierdie manier verteenwoordig te word, maar die VF en ACDP het deurgaans beswaar gemaak. Geen konsensus is dus hieroor bereik nie, en geen kompromis-voorstel ernstig opgeneem nie.

Dit is 'n drogredenasie om te beweer dat Stellenbosch se plaaslike regering vantevore vry was van partypolitiek. Die dorp was opgedeel in groepsgebiede en geen swart inwoners sou stemreg gehad het nie, op grond van NP beleid. Dié aspekte was blykbaar vir die "stadsvaders" soos water vir 'n vis, wat aandui tot watter mate hulle juis in die NP-stelsel tuis was. Die argument dat die Vryheidsfront nie 'n plek in die Oorgangsraad mag kry nie om hierdie "nie-politieke" tradisie voort te sit, word belaglik gemaak deur die feit dat die ANC en PAC 'n groot deel van die Raad sal uitmaak.

Met die 50/50 verdeling van die setels, is dit duidelik dat geen enkele party of waarskynlike alliansie die Oorgangsraad sal kan domineer nie. Die presiese aantal verteenwoordigers van elke party is dus nie deurslaggewend nie. Wat egter indruis teen die gees van die Wet, is om enige party met beduidende steun, deelname geheel te ontsê. Die toepaslike sub-artikel, lui as volg:

"(2)(a) Een helfte van die benoemings moet lede van die betrokke

plaaslike owerheidsliggame *insluit* en bestaan uit billik geweegde verteenwoordiging van die betrokke plaaslike owerheidsliggame wat nie die voorafbestaande verhoudings binne en tussen daardie plaaslike owerheidsliggame versteur nie.
(b) Die ander helfte van die benoemings bestaan uit billike verteenwoordiging van *al* daardie sektore van die samelewing wat nie in die verlede aan die verkiesingsproses in die gebied van daardie forum deelgeneem het nie." (my kursivering)

Dit kom voor asof die wetgewer nie die moontlikheid van nuwe partye met beduidende steun voorsien het nie. Deur die Vryheidsfront nou *ad hoc* as statutêr in te deel, en die Wet dan só te lees dat ons aan daardie kant van verteenwoordiging uitgesluit kan word, is nie aanvaarbaar nie. Die VF sal die moontlikheid ondersoek om hierdie beginsel in die hof te toets.

Die VF wil dit duidelik stel dat ons ons nie gebonde ag deur besluite van die "statutêre koukus" nie. Dit sou trouens onbillik wees om van 'n party te verwag om hulle standpunt te wysig, bloot omdat hulle in die minderheid is; en dit in 'n groep waarvan hulle nie vrywillig lid geword het nie.

Ons vind geen plesier daarin om die dringende instelling van die Oorgangsraad te vertraag nie. Ons sal egter enige wettige metode gebruik om te protesteer teen ons eensydige uitsluiting van die plaaslike oorgangsproses.

Die Vryheidsfront verklaar onsself steeds gewillig om te onderhandel oor hoe daar aan ons regmatige aansprake voldoen kan word. Ons is bereid om 'n konstruktiewe rol in die plaaslike oorgangsproses te speel, indien die moontlikheid daarvoor deur die ander partye geskep word.

As 'n grondig demokratiese party, sal die VF graag die wil van die kiesers van Stellenbosch eerbiedig. Die huidige proses moet egter 'n wyd verteenwoordigende Raad saamstel, juis omdat dit nie demokraties verloop nie. Die Vryheidsfront verteenwoordig 'n belangrike stem wat nie in die voorgestelde Oorgangsraad gehoor sal word nie. Hierdeur word die gesprek en die plaaslike regeringsproses beslis verarm.

HFV Boshoff
Voorsitter: Vryheidsfront Stellenbosch

417.3 (36/1)

Voorgestelde setelverdeling

## Stellenbosche Oorgangsraad

Vryheidsfront: Model 1
Veronderstel: ACDP en VF nie-statutêr

| Statutêr | | Nie-statutêr | |
|---|---|---|---|
| Stadsraad<br>Belastingbetalersvereniging<br>Cloetesville/Idas Valley MC<br>Eikestad RA<br>Kaya Mandi Town Council | 6 | ANC alliansie<br>met minstens 2 uit die satellietdorpe,<br>en 4 uit Kaya Mandi | 11 |
| Nasionale Party | 5 | PAC | 1 |
| Demokratiese Party | 2 | Vryheidsfront | 1 |
| Satellietdorpe :<br>Pniel MB<br>Jamestown MC<br>Johannesdal MC<br>Kylemore MC<br>Klapmuts | 1 | ACDP | 1 |
| Totaal | 14 | | 14 |

Aannames:

- 50/50 model
- 28 Raadslede
- Waar organisasies saamgegroepeer is, moet hulle onderling ooreenkom op die persone wat hulle voorstel
- Die finale onderhandeling word by die SGF gedoen

HFV Boshoff
Vryheidsfront

Voorstel : Satellietdorpe 6
Kerngebied 22

# VRYHEIDSFRONT VOORSTEL

Groter Stellenbosch het 55 000 – 60 000 inwoners, studente ingesluit. Met 28 raadslede kom dit neer op tussen 2 000 en 2500 kiesers per lid. Vir die interimperiode sal die wyke waarskynlik gebalanseerd gesny word, en nie noodwendig met (steeds grootliks rasgebaseerde) woongebiede saamval nie.

In die pre-interimtyd moet mens 'n mate van regstellende aksie verwag. Die meerderheid Stellenbossers het in die algemene verkiesing gestem vir partye wat dit voorstaan, en sal dus nie daarteen gekant wees nie. Die nie-statutêre komponent van die Stellenbosse Oorgangsraad sal dus waarskynlik groter wees as die verteenwoordiging wat daardie partye ná 'n verkiesing sal hê.

Indien mens dus nie veronderstel dat die verteenwoordiging so saamgegroepeer hoef te word nie, is die verspreiding van inwoners tog insiggewend:

**Inwonertal: Groter Stellenbosch**

| Gebied | Inwoners | % | setels |
|---|---|---|---|
| Stellenbosch<br>Cloetesville<br>Idasvallei | 51 000 – 52 000 | 74–77% | 21 |
| Kaya Mandi | 8 000 – 10 000 | 12–14% | 4 |
| Satellietdorpe | 7 000 – 8 000 | 11% | 3 |
| Totaal | 66 000 – 70 000 | | 28 |

Klaarblyklik sal 'n 50/50 model nie die bogenoemde verdeling tot gevolg hê nie. Daar moet egter tog na balans gestreef word, en in gedagte gehou word dat munisipale verkiesings voor einde volgende jaar beplan word.

'n Verdere probleem is die verskyn van politieke partye op die toneel van plaaslike verkiesings.

As 'n eerste poging om by konsensus uit te kom, word die aangehegte verdeling voorgestel.

HFV Boshoff
Vryheidsfront
1 September 1994

Voorgestelde setelverdeling

## Stellenbosche Oorgangsraad

Vryheidsfront: Model 2
Veronderstel: ACDP en VF statutêr

| Statutêr | | Nie-statutêr | |
|---|---|---|---|
| Stadsraad<br>Belastingbetalersvereniging<br>Cloetesville/Idas Valley MC<br>Eikestad RA<br>Kaya Mandi Town Council | 6 | ANC alliansie<br>met minstens 2 uit die satellietdorpe,<br>en 4 uit Kaya Mandi | 13 |
| Nasionale Party | 4 | PAC | 1 |
| Demokratiese Party | 2 | | |
| Vryheidsfront<br>ACDP | 1 | | |
| Satellietdorpe:<br>Pniel MB<br>Jamestown MC<br>Johannesdal MC<br>Kylemore MC<br>Klapmuts | 1 | | |
| Totaal | 14 | | 14 |

Aannames:

- 50/50 model
- 28 Raadslede
- Waar organisasies saamgegroepeer is, moet hulle onderling ooreenkom op die persone wat hulle voorstel
- Die finale onderhandeling word by die SGF gedoen

HFV Boshoff
Vryheidsfront